

Donderdag 29 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 21:9-27

Fokusgedeelte: Openbaring 21:22

God en die Lam is die tempel in die nuwe Jerusalem

Die Nuwe Jerusalem, die bruid van die Lam, die Here se kerk in al sy heerlikheid, word hier beskryf. Die volheid van lewe by God. Die afmetings van die stad wys dat die kerk daar in volmaaktheid gaan wees. Die twaalf poorte met die name van die stamme van Israel en die twaalf fundamente met die name van die apostels wys op die Here se kerk van alle eeue.

Dan hoor ons die verstommende: In hierdie volmaakte stad is daar nie 'n tempel nie. Daar is nie 'n plek waar God Homself spesifiek openbaar soos Hy gedoen het in die tempel van die Ou Testament nie. Daar is nie 'n spesifieke plek waar Hy aanbid word nie. 'n Tempel is nie meer nodig nie, want God en die Lam is die tempel. God woon by sy mense. God gaan in volmaakte gemeenskap met sy kinders lewe. Hy gaan oral wees en oral aanbid word.

Hierdie volmaakte verhouding met God is vir elke gelowige moontlik gemaak deur Jesus, die Lam. Hy het Homself geoffer sodat ons met God versoen kan word. Ons beleef reeds hierdie verhouding met God in hierdie lewe, maar dit is nog nie volmaak nie. Soms voel dit vir ons of Hy nie daar is nie en of Hy nie ons gebede hoor nie. Maar Hy is elke oomblik by ons. In die nuwe Jerusalem gaan ons dit volmaak beleef. Geen meer kommer, vrees, traan of hartseer nie. Net God en die Lam se teenwoordigheid in ewigheid.

Die groot vreugde en diepste skat van die ewige lewe is die volmaakte verhouding met God en die Lam. Lewe met jou oog daarop!

Sing: Skrifberyming 45 (18-7):1, 8

Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)